


# GEMEENSKAP NUUSBRIEF

**JUNIE 2022**

## 'N NUWE BUS VIR LOERIESFONTEIN PRIMÊRE SKOOL

Loeriesfontein Laerskool was opgewonde vir die ontvangs van 'n splinter nuwe bus. Meer as 400 leerlinge sal baat vind by die toegang tot vervoer, veral diegene wat deelneem aan buitedorpse sport, kulturele en akademiese aktiwiteite.

"***Met hierdie ondersteuning sal leerlinge kan deelneem aan skool sport dae en buitemuurse aktiwiteite. Dit sal ook leerlinge die vrymoedigheid gee om aan akademiese gebeure deel te neem***," Skoolhoof van Loeriesfontein Primêre Skool, Joline Klaaste.




Die voertuig bied ook die onderwysers die geleentheid om werkswinkels by te woon en hulle dus beter voorberei om leerlinge tot hulle maksimum potentiaal te onderrig. Hierdie aktiwiteite help met die holistiese ontwikkeling van die leerlinge.

"Voorheen was dit nie moontlik vir leerlinge om deel te neem aan skool aktiwiteite wat buite Loeriesfontein plaasgevind het nie as gevolg van die gebrek aan vervoer." Venessa Fredericks, Ekonomiese Ontwikkelings bestuurder by Loeriesfontein-windkragaanleg.

## MATRIEKKLAS VAN 2021 VIER BETER UITSLAE

Loeriesfontein Hoërskool se matriekslaagsyfer het in 2021 met 36% verbeter danksy 'n psigososiale ondersteuningsprogram wat van stapel gestuur is om graad 12-leerders met die nodige selfkennis en vaardighede toe te rus om hul akademiese prestasie te verbeter.

Die Loeriesfontein-en-Khobab-windkragaanlege het hul gewig agter dié psigososiale ondersteuningsprogram nadat die skool en die departement van onderwys vroeër die behoefte aan ondersteuning geïdentifiseer het om die matriekslaagsyfer te verbeter.

"***.Die program het leerders gehelp om bykomende stres in hul matriekjaar te hanteer en probleme met die inhaal van werk te takel. Dit het leerders ook gehelp om die algehele sosiale impak van die pandemie by die huis aan te spreek.":*** Mushai Louw, leerling projekbeampte by die Loeriesfontein-windkragaanleg.



## NUWE WETENSKAP LABORATORIUM

‘n Nuut toegeruste wetenskaplike laboratorium verryk die leer ervaring van Loeriesfontein Primêre Skool leerders. As deel van die doelwit om STEM onderrig (Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde) verder te ondersteun en te ontwikkel, het Loeriesfontein-windkragaanleg fondse voorsien om die laboratorium ervaring asook die leer van weteskaplike inhoud te verbeter.

“***Deur die ondersteuning hoop ons om leerlinge se belangstelling in wetenskap, in die vroeë stadiums van hul onderrig, aan te moedig. Die laboratorium gereedskap sal die wetenskap lesse verryk deur die waardevolle vaardighede van elke leerling te ontwikkel asook hulle beter voor te berei vir toekomstige geleenthede as die volgende generasie ingenieurs, mediese beroepslui, en wetenskaplikes.***” Venessa Fredericks.

Die ondersteuning bevoordeel 198 leerlinge en sluit in twee onderwyser-navorsingsstelle, asook tien tegnologiestelle. Hierdie gereedskap sal die leerders die geleentheid bied om eerstehandse leer ervaring op te bou deur om verskuie eksperimente op hul eie uit te voer.

Skoolhoof van Loeriesfontein Primere: “***Leerlinge meer gemotiveerd in die Natuur Wetenskap klasse, omdat hulle nou meer praktiese eksperimente kan uitvoer wat beteken hulle kan die leer material beter verstaan***.”



## BEURSE AAN NOG STUDENTE TOEGEKEN

Drie studente van Loeriesfontein het studiebeurse ontvang wat hulle in staat sal stel om verder te studeer. Hulle vorm deel van ’n groep van altesaam 12 studente van Loeriesfontein wat tans befondsing as deel van die Khobab-windkragaanleg se studiebeursprogram ontvang. Die studiebeursprogram help lede van die gemeenskap en jongmense in besonder om verder te studeer en hul drome te verwesenlik.

Marileze Syster, een van die studente, is tans besig met 'n diploma in bestuursbystand aan Boland Kollege in die Paarl. Maleting Hugo doen ’n sertifikaatkursus in maatskaplike werk aan Hugenote Kollege in Wellington, terwyl Jade Nel vir ’n diploma in diereproduksie aan die Internasionale Landbouakademie vir Afrika in Bloemfontein studeer.

Altesaam ses van die 12 studente wie se studies deur die windkragaanleg befonds word sal vanjaar hul studies voltooi.

Grantham Nel, ’n finalejaar onderwysstudent aan die Universiteit van Stellenbosch: ***“Die beurs het my die geleentheid gegee om my drome te volg sonder om ’n finansiële las op my familie te plaas. Sodra ek my studies voltooi het wil ek graag begin om klas te gee by ’n skool. Ek wil graag ’n beduidende verskil in die lewens van kinders maak en die beste weergawe van myself wees.”***



**Grantham Nel**